

20 Maart

Skrifgedeelte: Esegïel 17:1-24

Fokusgedeelte: Esegïel 17:24

God verhoog die nederige!

Die jong koning Jojagin van Israel en die vernaamste mense, soldate en vakmanne volgens 2 Konings 24:14-16 (die boonste toppie van die seder), word deur Nebukadnesar, die koning van Babel, in ballingskap weggevoer (die eerste arend). In koning Jojagin se plek word Sedekia as koning aangewys van Jerusalem, wat onder 'n eed trou aan Nebukadnesar van Babel smee. Nie lank hierna nie verbreek Sedekia hierdie eed van trou deur hulp te soek by die koning van Egipte (die ander arend).

Sedekia, die nederige inwoner wat tot koning gesalf was, het in opstand gekom en dit het gelei tot die val van sy koningskap. Maar waar die wêreldse koningskap tot 'n einde kom, pluk die Here self vir Hom 'n sagte takkie van die hoë seder en plant dit op 'n hoë berg sodat dit daar kan groei, kan vrugte dra en kan uitreik na ander. Hierdie boom sal uitstaan bo al die ander, want God Self hou sy hand oor die boompie. Dit is God wat die stiggie gepluk het, en wat dit laat groei tot 'n groot boom. Net so laat God ook groot, groen bome verdor en vergaan.

Dit sien ons ook in ons eie lewens, hoe God die nederige verhoog en die hooghartige verneder. Paulus stel dit so mooi in 2 Korintiërs 12:9-10: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

As gelowiges ontvang ons van dag tot dag ons krag van God. Ons beleef God se genade, sy goedheid, en daardeur besef ons dat dit juis in die tye wanneer ons in kleinheid, nederig voor die Vader staan dat Hy ons verhoog om in sy diens te mag staan.

Sing: Psalm 92: 4, 6, 7 (1936)

Ds RP Buys (Nelspruit)

